

Liewe Vrouelidmate

Soos julle almal waarskynlik weet, is daar streke in die Vrystaat wat swaar getref is deur die onlangse brande.

Ons wil graag aan elkeen hier die geleentheid gee om te help soos julle kan. Ons het navraag gedoen, en die volgende behoeftes ge-identifiseer:

Indien jy 'n boks wil pak (soortgelyk aan die droogtebokse wat ons verlede jaar gemaak het- maar hierdie keer meer spesifiek ook vir die mans), vra ons dat julle dit asb teen Donderdag 5 November kerkkantoor toe sal bring, en ons sal dit by die regte mense besorg. Die bokse gaan ons vir Hertzogville stuur om dan liever op een plek 'n goeie verskil te maak. Indien jy besluit om 'n boks te maak, merk dit asb bo-op: MAN, VROU of GESIN. Dit sal baie gaaf wees as jy 'n bemoedigende briefie kan insit. Jy kan jou naam bysit as jy wil. Gebruik jou kreatiwiteit, waarvan almal in Petrusburg oorgenoeg het. Idees vir mans: beskuit, koekies, lekkergoed (nie sjokolade), droëvrugte, lip balm. Meer algemeen: langlewemelk, koffie, tee, handerom.

Indien jy liever 'n finansiële bydrae wil maak wat baie baie welkom sal wees, betaal asb in die kerk se rekening in teen Vrydag 6 November met die duidelike verwysing: BRANDHULP. Ons sal dit dan ook oorbetal, saam met die geld van die dankbaarheidsbotteltjies wat ons nou inkry, en daarna aan julle verslag doe



“En omdat julle Sy kinders is, het God die Gees van Sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader!” Gal. 4:6

Genadige en barmhartige God en Vader in onse Here Jesus Christus – waar is 'n God soos U wat naby almal is wat U aanroep? U is onse God en Vader – die Verhoorder van die gebed. O Here, leer ons bid, sodat ons die gewoel van die wêreld mag vergeet en onself verloor, sodat U alles in ons lewe mag wees.

Laat dan, o God, die Gees van die gebed kragtig in ons harte werk, dan sal daar vir ons geen woorde ontbreek om tot U te bid nie: Abba, Vader! Sien ons aan in U Seun wat vir ons 'n Voorspraak by U is. Verhoor ons gebed, en indien U ons nie alles gee wat ons van U bid nie, gee dan tog wat vir ons nuttig en tot ons saligheid strek. Skenk ons die kragtige werking van U Heilige Gees op ons lewenspad!

En wanneer ons tong nie meer kan spreek in die laaste doodstryd nie, hoor dan ons versugtinge en neem ons onsterflike siel tot U en tot die volmaakte regverdige daarbo in die hemel waar Christus is. AMEN (Coenraad Mel)



NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade 'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.



Leraar: Ds. Jaco Thom ☎ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ☎ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ☎ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ☎ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za 📱 NG Kerk Petrusburg
Kerkkantoor ure: Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening: ABSA Tjekrekening 2610580001

1 November 2020

Hartlik welkom in die huis van die Here

09:30 – Erediens

Ds. Jaco Thom

Skriflesing: Matteus 5:1-12

Tema: Onafhanklik!

Ons wil almal graag in 'n posisie wees waar ons onafhanklik is en ons eie ding kan doen, sonder om ander in die oë te moet kyk. Maar wat sê die Here Jesus hieroor?

Deuroffers vandag:

Teologiese Opleiding

Deuroffers volgende Sondag:

Bedieningsbegeleiding

Die **Dankbaarheidsbussies** word vandag ingebring.

Tiende Maand Insameling

Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gegee het vir ons Tiende Maand Insameling. As jy nog nie daarby gekom het nie, is dit nog nie te laat nie. Jy kan dit sommer direk in ons bankrekening inbetaal en merk “Tiende Maand”.



Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees!

November

- 1 Kobus Hugo
- 1 Andrea Van der Berg
- 2 Marietjie Badenhorst
- 4 Lina Oberholzer
- 5 Belinda Grobbelaar
- 5 CJ Oertel
- 6 Martie Van der Merwe
- 7 Frans Coetzee

Huweliksherdenking

- 3 Johan & Lizane Odendal (8j)
- 7 Johann & Ina Smith (40j)
- 7 Braam & Tracy Neethling (33j)

Nuwe lidmate

Ons verwelkom graag vir Ina en Lottie Bouwer as lidmate in ons gemeente.
Mag julle baie gelukkig wees by ons. Hulle sal deel vorm van Ons Woning wyk,
met Ds. Pieter Poley as ouderling en Althea Watt as Diaken.

Voorbidding

Bid asb steeds vir almal wat getraumatiseer is in die veldbrande wat die Wes-
Vrystaat geteister het.

Kerkraadsverkiesing

Die kerkraad het Dinsdag die volgende persone verkies:

Leier-ouderling: Danie Jacobs

Wyksouderlinge: Fanie Ward, Daleen Krige, Albertus du Preez, Hubart J van
Rensburg.

Wyksdiakens: Anri Strauss, Leana Hugo, Welmé du Preez, Hester de Jager en Arno
Bouwer.

Baie geluk! Mag die Here julle duidelik lei in julle besluit.

Ons vra ook die gemeente se voorbidding vir hierdie manne en vroue asb.

VROUEBEDIENINGSAKE

Uit die Bestuursvergadering gehou op 21 Oktober.

1. DANKBAARHEIDSBUSSIES

Die dankbaarheidsbussies word vandag ingebring. Baie dankie vir elkeen se
deelname.

2. KOEKIEPROJEK

Ons gee jaarliks 'n pakkie koekies aan bejaardes in ons gemeente en Ons
Woning. Ons vra weer u goedgunstige samewerking hierdie jaar om droë koekies
te skenk vir hierdie projek. Alle koekies moet asb voor 17 November by die
Kerkkantoor ingehandig word.

3. GEBREIDE POPPIES

Indien daar dames is wat die afgelope jaar/tyd poppies gebrei het, sal ons dit
waardeer indien u die poppies voltooid by die Kerkkantoor sal inhandig voor of op
17 November. As daar genoeg poppies beskikbaar is, beplan ons om die poppies
saam met die koekies aan bejaardes te skenk. Daar is nog 'n paar weke tyd om
vinnig 'n paar poppies te brei!

4. VROUEBEDIENINGSAFSLUITING

Weens die inperkingsmaatreëls sal daar nie hierdie jaar 'n afsluitingsfunksie
gehou word nie.

5. KERSSANGDIENS

Die Kerssangdiens sal hierdie jaar DV tydens die oggenddiens plaasvind. Dit
gaan 'n eenvoudige sangdiens wees – geen koorsang of Kersspel nie.

6. VERVERSINGS NA DIE EREDIENS

Verversings sal weer vanaf 31 Januarie 2021 na afloop van die Erediens verskaf
word; verdere reëlings volg later.

Carpe diem

Met die Munisipaliteit wat nie Maandae gereeld die vullis kom verwyder nie lyk
ons strate maar woes. Carpe diem het dit goed gedink om Dinsdae oggende vullis te
verwyder indien dit nie Maandae deur die Munisipaliteit gedoen is nie.

Die persone wat Dinsdae oggende dalk hulle werkers kan afstaan om te kan help
daarmee kan asseblief vir Jan van Loggerenberg skakel by 083 483 0775.

Die werkers sal vergoed word daarvoor.

Baie dankie